# Hillcrest High School

Graad 10

# AFRIKAANS EAT V2

JUNIE 2023

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. A. Meiring

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 1:** | Donker Nag *(Hans du Plessis)* | **[23]** |
| **VRAAG 2:** | Aspoestertjie en die drie Bere *(N.Engelbrecht)* | **[24]** |
| **VRAAG 3:** | Ek is hier *(Solet Scheeres)* | **[23]** |

2. **Beantwoord AL die vrae.**

3. **Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.**

4. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

5. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

# KORTVERHALE

**VRAAG 1: Donker Nag** [Hans du Plessis]

Lees die onderstaande uittreksels deur en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| *Dan die blou kleur van die volgende straal, die slag. Buite val die reën. Iemand in 'n reënjas storm by die deur uit, struikel by die trap af. Toe die mens in die jas sukkelend orent kom, slaan die weer:.....* |

1.1 Waarom het die een man 'n reënjas gedra? [1]

1.2 Wat het met die man gebeur wat by die deur uitgestorm het? [1]

1.3 Waarom het Klara hierdie aand die skinkbord laat val? [1]

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Watter diens is as gevolg van die onweer buite werking?

A. Die flikkerende kerse.
B. Die kombuispersoneel.
C. Die krag.
D. Die ambulansdienste. [1]

1.5. Kies uit **KOLOM B** die inligting wat by **KOLOM A** pas.
Skryf net die vraagnommer en letter neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.5.1 Fisiese kenmerk | A. Kelnerin |
| 1.5.2 Min mense in die dorp | B. Die man met 'n litteken |
| 1.5.3 Isabel | C. Motorfietsie |
| 1.5.4 Klara se werk | D. Desembervakansie |
| | E. Pistool in die laai |

[4]

1.6 Hoe laat het Klara by die restaurant op haar horlosie gekyk? [1]

1.7 Noem **TWEE** dinge wat die man by tafel 6 later vir Klara gegee het. [2]

1.8 Motiveer waarom die volgende stelling **ONWAAR** is.

Klara was baie bang en het <u>onder die bed</u> vir die inbreker weggekruip. [1]

1.9 Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte woord uit die blokkie te kies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **wapen** | **venster** | **klapmus** | **gordyne** | **pet** | **kaartjie** |

Klara wou die 1.9.1 ... toemaak en skrik groot toe sy 'n man met 'n 1.9.2 ... oor sy kop en 'n 1.9.3 ... in sy hand sien. [3]

1.10 Skryf die volgende sinne in die korrekte VOLGORDE van die verhaal neer.

- Klara ry op haar motorfiets huis toe.
- 'n Man vra vir 'n laaste koppie koffie.
- Die ambulans se ligte flikker buite die restaurant.
- Klara bid om hulp. [4]

1.11 Waarom, dink jy, het Klara, Stander se selfoonnommer in haar eie foon ingedruk? [1]

1.12.1 Wie is waarskynlik die inbreker? [1]

1.12.2 Hoe weet ons dit? [1]

1.13 Watter les kan ons uit hierdie verhaal leer? [1]
**[23]**

**<u>VRAAG 2 : Aspoestertjie en die drie Bere</u>** [Nelia Engelbrecht]

<u>Lees die uittreksels deeglik deur en beantwoord al die vrae.</u>

2.1 Voltooi die sin deur die korrekte antwoord tussen die hakies te kies.
Skryf net die antwoord neer.

Die titel van hierdie verhaal verwys na [ twee flieks vir tieners / twee sprokies / twee liefdesverhale.] [1]

> *"Bly jy hier langsaan?" vra Gareth vir my.*
> *"Nee, dis Triz-hulle se huis. Maar ek en Vanessa woon ook hier in Glenhaven, net hier om die hoek ...naby."*
> *Vanessa se mond hang oop. Ek kyk waarskuwend na haar.*

2.2 Watter leuen vertel Corli in bogenoemde uittreksel? [1]

2.3 Waarom dink Vanessa dat Triz gelukkig oor haar nuwe bure moet wees? [1]

2.4 Hoe weet ons dat die De Beer-broers nog op skool is? [1]

2.5 Wat is Corli se "spesialiteit"? [1]

2.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en antwoord.

Vanessa is mal oor ...

A. kos.
B. swempartytjies.
C. oefening.
D. Gareth. [1]

| |
|---|
| *Ek loop agtertoe. Die deur van die aantrekkamertjie is nie gesluit nie. Ek stap binne. Wow! Hulle het dit lekker ingerig: tot 'n yskassie en 'n rusbank. Ek maak die kas se deur oop, druk my hand tussen die opgevoude handdoeke in en voel-voel tot heel agter.* |

2.7 Waarom is Corli by die bure se aantrekkamertjie? [1]

2.8 Later noem Gareth vir Corli "Gouelokkies".
Gee een rede hiervoor. [1]

2.9 Motiveer waarom die volgende stelling **WAAR** is.

Corli se ma werk baie hard. [1]

2.10 Voltooi die sin deur die korrekte antwoord tussen die hakies te kies.
Skryf net die antwoord neer.

Karlientjie gee probleme want sy [is bang / kort 'n diens]. [1]

| |
|---|
| *Eers sien ek net vir Kristen, 'n meisie in ons klas wat Cruella de Ville na 'n fairy godmother laat lyk.* |

2.11 Waarom is Corli en haar maats vyande van Kristen?
Noem **TWEE** feite. [2]

2.12 Skryf die volgende sinne in die korrekte **VOLGORDE** van die verhaal neer.

- Vanessa en Corli het amper oor 'n bikini baklei.
- Corli en haar maats het een aand tot laat DVD's gekyk.
- Kristen kla oor 'n vuil nagereglepel.
- Corli se ma laai haar by Fausto's af. [4]

2.13 Hoekom het Gareth sy een broer van die restaurant gebel? [1]

2.14 Kies uit **KOLOM B** die inligting wat by **KOLOM A** pas.
Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.14.1 Corli maak ‘n gek van haarself. | A. Veroorsaak dat Corli in die restaurant val. |
| 2.14.2 Kristen | B. Corli verdien op hierdie manier ekstra geld. |
| 2.14.3 Rosy | C. Haar plakkie haak vas en sy val bo-op Gareth. |
| 2.14.4 Kelnerin | D. Corli en haar ma se klein motortjie. |
| | E. Ken al die stories by die kompleks. |

[4]

2.15.1 Watter besering het Corli in die restaurant opgedoen? [1]

2.15.2 Hoe het sy hierdié besering opgedoen? [1]

2.16 Hoekom voel Corli aan die einde soos Aspoestertjie? [1]

**[24]**

**VRAAG 3: Ek is hier** *[Solet Scheeres]*

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae.

3.1 Hoe verskil die vorm van hierdie kortverhaal van ander kortverhale? [1]

3.2 Hoekom is Lisan in Nederland? [1]

> *Die Van Loons het by die aankomsaal vir my gewag. Die een langer as die ander. Met so ‘n doek waarop staan: ”Welkom in Nederland, Lisan!” en ‘n groot bos blomme. Geeske lyk soos op die foto’s, net nog langer. Die broer, Kees, is baie mooier as op die foto’s, net nog langer. Ilse en Jan-Willem is heel gaaf, maar baie streng.*

3.3 Hoe het Lisan vooraf geweet hoe die Van Loon-gesin lyk? [1]

3.4 Haal ‘n **SIN** uit bogenoemde uittreksel aan wat die Van Loon-ouers beskryf. [1]

3.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

In die eerste e-pos bedank Lisan haar ma vir die ...

A. dik jas.
B. geleentheid om Nederland te besoek.
C. al die sakgeld.
D. al die fietsrylesse in Suid-Afrika. [1]

3.6 Kies die korrekte woord uit die volgende blokkie om die paragraaf te voltooi.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Magda** | **Emma** | **Johannes** | **Isabel** | **Kees** | **Gareth** |

Die tweede e-pos wat Lisan stuur is aan haar vriendin, 3.6.1.... Sy maak dit duidelik dat sy al bietjie verlief op 3.6.2 ... is, maar 3.6.3 ... mag dit nie weet nie. [3]

3.7 Waarna sien Lisan die meeste uit terwyl sy in Nederland is? [1]

3.8 *"Ma sal nie glo hoe hard ek in die huis werk nie."*

Waarna verwys Lisan in hierdie uittreksel? [1]

3.9 Voltooi die volgende sin deur die korrekte woorde tussen die hakies te kies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Daar is 'n [groot verskil / nie so 'n groot verskil nie] tussen die skole in Nederland en Suid-Afrika]. [1]

*Ons fiets elke dag skool toe. Dis 'n nagmerrie. My fiets is stokoud en om te briek moet ek agtertoe trap. Ek het seker al honderd ongelukke net-net gemis. Ons ry al langs die kanaal af. Daar lê ys op die water. My vingers en neus vries elke keer amper af van die koue. Gelukkig leen Geeske vir my 'n mus sodat my ore nie koud kry nie.*

3.10 Watter **WOORD** in die uittreksel sê vir ons dat Lisan nie die fietsry elke dag geniet nie? [1]

3.11 Watter kledingstuk het Geeske vir Lisan geleen waaroor Lisan baie dankbaar is?
Skryf <u>2 opeenvolgende</u> woorde uit die uittreksel as antwoord neer. [1]

3.12 Kies uit **KOLOM B** die inligting wat by **KOLOM A** pas. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.12.1 Geeske en Lisan se plan wat hulle in moeilikheid laat beland. | A. Mag dagga rook. |
| 3.12.2 Stereotipe | B. Glip skelm uit na karnavalnagklub. |
| 3.12.3 *Coffe shop skok* | C. Die wintermaande is baie koud in Nederland. |
| | D. Alle mense van Afrika is swart. |

[3]

***Sent: don. 2015/02/18 03:05***
***From: Lisan [LisanGreyling@gmail.com]***
***To: Magda Greyling***
***Subject: Ek is vreeslik, verskriklik jammer!***
*Liewe Paps en Mammie*
*Ag, ek voel vreeslik. My oë is al dik gehuil.*

3.13 Waarom stuur Lisan hierdie e-pos aan haar ouers?
Wees spesifiek in jou antwoord. [1]

3.14 Hoe was die twee meisies gestraf?
Wees spesifiek in jou antwoord. [2]

3.15 Motiveer waarom die volgende stelling **WAAR** is.

Lisan het tóg haar droomskildery gesien. [1]

3.16.1 Wie gaan in die somervakansie vir Lisan in Suid-Afrika kuier?
Skryf die persoon se naam neer. [1]

3.16.2 Waarheen wil Lisan hierdie persoon neem? [1]

3.17 Watter land sal jy graag wil besoek?
Onthou om jou antwoord in Afrikaans te skryf. [1]

**[23]**

**TOTAAL: 70 PUNTE**